LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

18-09-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 32 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **AFWESIGHEDE VAN LEERDERS:**

Ouers, **leerders is almal skoolpligtig** volgens die Skolewet. Indien u kind afwesig is, moet 'n doktersbrief ingehandig word. As 'n leerder 'n vraestel nie geskryf het nie, moet u die skool kontak vir alternatiewe reëlings. ***Leerders moet asb nie onnodig huistoe gaan nie, want daar word nog elke dag assessering in die verskillende vakke gedoen***.

2 **FOTODAG**:

Ons neem **Individuele foto's die 26ste**, *Sportfoto's die 27ste* en Klasfoto's die 28ste September 2017. Die individuele skoolpakkette beloop R60 (1 x A4 en 1 x A5). Die Canvas is ongelukkig uitverkoop maar daar is 'n spesiale geraamde A5 foto beskikbaar vir R70 wat net soos die Canvas lyk.

3 **AKADEMIESE SPAN UITSTAPPIE:**

Die leerders wat op die bogenoemde uitstappie gaan op Dinsdag, 19 September, moet asb 07:00 by die skool wees sodat ons nie laat vertrek nie. Julle trek Volkiedrag en tekkies aan. Onthou 'n hoed, sonblok en ekstra geld. Julle moet die dag gaan geniet!

4 **KOOR**:

- Die Juniorkoor oefen die week in die mediasentrum.

Wo	20 Sept	14:00 - 15:00	Snr koor	Oefening
Wo	27 Sept	Geen oefening	Jnr en Snr koor	-
Don	26 Okt	Kultuurkonsert	Jnr en Snr koor	Gekombineer met koorafsluiting

5 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**
Stuur asb u artikels voor of op 20 September na helenebotha@laervolkskool.co.za en indien u belangstel vir 'n advertensie, kontak haar by 0163416216 x4/0832852481.

6 **EISTEDDFODS:**
Alle Eisteddfod tye is uitgegee, indien daar enige navrae is oor tye wat kort, vra asb by Juf Helanie of Juf Lizelle.

SUIKERBOSRAND:
Die 2de deel van die Suikerbosrand Eisteddfod vind plaas vanaf 11-15 September, vokaal en musiek: 18, 19, 20 September. Dit sluit die volgende afdelings in: Drama (11-15 Sept te TPA Saal); Kuns; Vokaal (sang) & Instrumentaal (18-20 Sept te Laer Volkskool).
Bring asb jou oorspronklike sertifikaat, geen afskifte nie. Sperdatum vir sertifikate is Vrydag, 22 September. Geen laat uitslae word aanvaar nie.

7 **GRAAD RR EN R OPEDAG: 22 SEPTEMBER 2017**:
Vrydag, 22 September vanaf 08:00 tot 11:00 vind ons Klein Volkies se Opedag plaas vir alle voornemende Graad RR en R maats en ouers van 2018. Die verrigtinge begin 08:00 in die mediasentrum. Pret aktiwiteite sal daarna by die kleuterskool aangebied word. U as ouers is welkom om die bederf-oggend saam met die maats te kom geniet. Bring asb u vriende met voornemende maatjies saam.

8 **RAPPORTE**:
Ons deel op Donderdag, 28 September vanaf 17:00 tot 18:00 rapporte uit in die saal. U kan op die rugbyveld parkeer.

9 **SKRIFTE**:
Alle skrifte van die leerders gaan Vrydag huistoe en moet asseblief deur ouers geteken word.

10 **SWEM**:
Ons hou 'n interhuis swemgala op Woensdag, 27 September by die Hoërskool se swembad om 14:30. Almal kan kom deelneem en kom kyk of jy die span haal. Jy moet kan duik en een of meer slae kan swem.
Swemligadatums: 11 Oktober; 18 Oktober; 25 Oktober en 1 November is Interprimêr.

11 **SPREEKKOOR**:
Daar is spreekkoor oefening vandag. Almal moet ASB. daar wees. Geen oefening op 25 September nie.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF